

Skryfoefeningaktiwiteite vir opsommings

Volksverhale, fabels en ander ordinêre stories

Indien leerders dit moeilik vind om 'n teks te skryf en te verkort, hou baie onderwysers daarvan om volksverhale, fables en ander stories te gebruik. Leerders is alreeds bekend met hierdie stories en verstaan die teks dus makliker. Dus kan die leerder konsentreer op die verkorting van die teks asook die skryfvaardigheid.

Kinderrympies

Onderwysers kan leerder vir die prênt kinderrympies laat opsom. Dit help die leerders om die kern saam te vat in 'n kort opsomming. Dit kan prênt wees vir die leerders. Beklemtoon egter teenoor tieners dat jy hulle nie soos klein kindertjies behandel nie.

Marie het 'n lammetjie

Marie het 'n lammetjie
Wat gaan net waar sy gaan.
Die lam loop soos 'n skadu'tjie
Al agter Marie aan.

Opsomming: Marie se lammetjie volg haar oral.

Piet en Griet

Piet en Griet met 'n wateremmer
Klim die berg op 'n draf
Maar Piet gly en Griet daarby
Hul kom bolmakiesie weer af.

Opsomming: Piet en Griet rol van die berg af.

Hompie Kedompie

Hompie Kedompie sit op die wal
Hompie Kedompie het afgeval
Al die koning

Opsomming: Hompie Kedompie het van 'n muur afgeval en niemand kan hom help nie.

Film- en TV-vertonings

Ten einde die skryf van opsommings meer interessant te maak, kan onderwysers die leerders films- en TV-vertoning laat opsom. Vir hierdie oefening het die leerders nie nodig om die teks te lees nie en kan hulle op hul skryfwerk en om die storie in hul eie woorde te vertel, konsentreer.

Raai-raai:

Die onderwyser kan die leerders dan vra om hul opsommings hardop voor te lees, en die ander leerders moet dan raai watter film of TV-vertoning dit is.

Die onderwyser kan ook elke leerder se finale opsomming teen die aansteekbord aanbring, en leerders loop dan deur die klas en skryf by elkeen neer watter film of TV-vertoning dit is.

Parafrasering

Die volgende is aktiwiteite wat onderwysers gebruik om leerders te help om parafrasering te doen (gedeeltes uit 'n teks in hulle eie woorde te stel)S.

Sinne

Die outomobiel het 'n selfmoord rytuig geword.

Haar oë was vasgenael op die gesig van haar onderwyser.

Die geluid van die jet se motore was verdowend.

Toe die president afsterf, het die mense in die straat ontroosbaar gehuil.

Sy maandelikse uitgawes was buitensporig.

Seleksie van sinne uit 'n leesstuk

Selekteer sinne tydens 'n leesles en laat leerders oefen om dit te parafraseer.

Spreuke

Versamel hooi terwyl die son skyn.

Twee koppe is beter as een.

Jy kan nie 'n ou hond nuwe toertjies leer nie.

Mense in glashuis behoort nie klippe te gooi nie.

Bekende aanhalings

Ons moet leer om saam te leef soos broers of om saam te vergaan soos dwase.

(Martin Luther King Jnr.)

Om te weet was reg is, en nie soos te doen nie, is 'n gebrek aan insig en aan beginsel.

(Confucius)

Vra, en jy sal ontvang; Soek, en jy sal vind; Klop, en daar sal vir jou oopgemaak word.

(Bybel, Matt. 7:7)

Paragrafe

As leerders gemaklik is met die parafrasering van sinne, kan hulle oefen om paragrawe te doen. Ontwikkel van die eenvoudige tot die moeilike.

Lys van spreuke

Instruksies:

Kies 'n spreuk uit die lys. Moenie aan iemand vertel watter spreuk jy gekies het nie. Skryf in jou eie woorde wat jy dink dit beteken. Lees jou sin hardop aan die groep en hulle moet dan raai na watter spreuk jy verwys.

Moenie die aap uit die mou laat nie.

Moenie iemand op sy baadjie takseer nie.

Twee koppe is beter as een.

Sy blaf is erger as sy byt.

Jy kan nie 'n ou hond nuwe toertjies aanleer nie.

Jy kan 'n perd tot by die water bring, maar jy kan hom nie maak drink nie.

Van nuuskierigheid is die tronke vol.

Agteros kom ook in die kraal.

Die beste stuurman staan aan wal.

Die pot verwyd die ketel.

Leesoefeninge om te help met die skryf van opsommings

Veelkeuse

Leerders lees en kies die sin wat die hoofgedagte in die leesstuk die beste beskryf.

Leerders lees en kies die sin wat die hoofgedagte in elke paragraaf die beste beskryf.

Pas by

Leerders pas die regte benaming vir elke paragraaf of deel van 'n teks.

Benaming

Leerders vind 'n opskrif vir die teks.

Leerders vind 'n opskrif vir elke deel of paragraaf van die teks.

Onderstreep

Leerders lees en onderstreep die onderwerpsin van elke paragraaf.

Verkort die teks

Leerders verkort die teks tot 100 woorde (of enige aantal woorde soos deur die onderwyser bepaal). Leerders verkort die teks deur onnodige woorde en sinne dood te trek. Die verkorte teks moet die hoofgedagte en belangrike inligting van die oorspronklike teks behou.

Rekonstrueer die teks

Skryf vooraf 'n lys van sleutelwoorde in 'n deurmekaar orde op die skryfbord neer.

Laat die leerders nou die teks lees. Nadat hulle die teks gelees het, laat hulle die deurmekaar woorde in die regte volgorde rangskik sonder om die teks te raadpleeg.

Indien hulle probleme ondervind, laat hulle toe om die teks weer te lees, maar laat hulle dan die sleutelwoorde korrek plaas terwyl hulle lees. As al die sleutelwoorde in die korrekte orde gerangskik is, verwyder alle tekste. Laat leerder nou die teks herskryf deur die sleutelwoorde te gebruik.

Verwydering/Uitskakeling

Leerders lees 'n lys van sinne wat die belangrike informasie van 'n artikel behoort te beskryf. Sommige sinne bevat onbelangrike besonderhede. Leerders trek die sinne dood wat ekstra besonderhede bevat.

Toonaangewende vrae

Die onderwyser gee aan die leerders kort-antwoord begripsvrae wat op die belangrike inligting van die teks fokus, nie ekstra besonderhede nie.

Oefening

Bestudeer die voorbeeld-oefeninge hieronder. Watter tipe oefeninge is dit? Benoem hulle deur die bostaande terms te gebruik.

Oefening A (teks 1)

Skryf 'n toepaslike opskrif vir elke deel van die artikel.

Oefening B (teks 1)

Pas die regte opskrif by elke paragraaf

1. Populasie
2. Tegnologie
3. Voorstel die toekoms
4. Die omgewing
5. Samelewing

Oefening C (teks1)

Lees die teks. Draai nou die teks om en rangskik die sleutelfrases in die regte volgorde.

tuisrekenaars

bevolkingsontploffing

werkverskaffing

voorspel die toekoms

energie

velkanker

globale verwarming

gewelddadige misdaad

ouer

(Nadat leerders die sleutelfrases in die korrekte volgorde gerangskik het, herskryf hulle die teks deur slegs na die sleutelfrases te kyk)